ASSEMBLIES OF GOD FELLOWSHIP

Hoofbeginsels Kursus

No.3 (A)
Geloof in God

ASSEMBLIES OF GOD FELLOWSHIP
GELOOF IN GOD

Lees die document versigtig deur sodat jy in staat sal wees om maklik die gapings in te kan vul op 3B (Die Kandidaats Antwoordvel).

SLEUTEL VERSE:
(NKJV)

Hebreërs 11:1-6 *"Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie. Want daardeur het die mense van die ou tyd getuienis ontvang. Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie. Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde geloof spreek hy nog nadat hy dood is. Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het. En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."*

Romeine 10:17 "*Die geloof is dus uit die Gehoor, en die Gehoor is deur die woord van God."*

Matthéüs 17:20 "*En Jesus antwoorde hulle: Deur julle ongeloof; want, voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! En hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie."*

Romeine 1:17 "*For in it the righteousness of God is revealed from faith to faith; as it is written, 'The just shall live by faith."*

1. WAT IS "GELOOF"?

a) Dit is om te glo of die oortuiging te hê in wat God gesê het – in so 'n mate dat mens tot aksie oorgaan as gevolg daarvan. *"Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."* (Hebreërs 11:1)

b) Die begin van geloof is die aanvaarding van die bestaan van God. Ons moet glo dat God bestaan *"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."* (Hebreërs 11:6)

c) Geloof is gebou op die Woord van God. (gehoor of gelees)
"Die geloof is dus uit die Gehoor, en die Gehoor is deur die woord van God." Romeine 10:17 NIV.

2. GELOOF IS 'N GESKENK VAN GOD

a) Ons kan nie onsself 'opwerk' om geloof te verkry nie. Ons moet dit net eenvoudig glo. *"…sodat julle in geen enkele genadegawe agterstaan nie,*

terwyl julle wag op die Openbaring van onse Here Jesus Christus, wat julle ook sal bevestig tot die einde toe, om in die dag van onse Here Jesus Christus onberispelik te wees." (1 Korinthiërs 1:7-8)

b) Enigiets wat buite God staan is dood *"Maar hy wat twyfel as hy eet, is veroordeel, omdat dit nie uit die geloof is nie; en alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde."* (Alle **werk** wat nie uit die geloof kom nie is sonde. Glo dat God jou leiding sal gee met die werk in die bediening) (Romeine 14:23)

c) Geloof sluit in die uitruil van vertroue vanaf die self na Hom.

d) Geloof sluit in 'n houding van nederigheid en onderdanigheid aan die wil van God en ons moet ook hierdie houding bely. *"Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n.""* (Filippense.2:4-5)

3. <u>DIE DEFINISIE VAN GELOOF</u>

Dit is om te glo en vertroue te hê in wat God gesê het in so 'n mate as om daarop tot aksie oor te gaan.

i) Geloof is substansie en realiteit.

ii) Geloof is nie die verbeel van, of die wens dat dinge tot stand kom nie.

iii) Geloof is die oortuiging van die waarheid deur die binnewerking van die Heilige Gees.

iv) Dit is die Heilige Gees wat ons die vermoë om in God te glo in ons harte plaas.

4. <u>GELOOF GROEI DEUR KENNIS EN DIE ERVARING VAN GOD</u>

a) Mens kan nie elke een wat mens nie ken nie, vertrou.

b) Hoe meer ons God en sy getrouheid ken, hoe meer sal ons in staat wees om Hom te vertrou.

c) Dit moet ons ervaar:
- i) Sy liefde
- ii) Sy karakter
- iii) Sy weë
- iv) Sy waarheid
- v) Sy ongelooflike grootheid

5. <u>DIE BASIS VAN WARE GELOOF</u>

"Ons leer God ken soos die Heilige Gees Hom aan ons openbaar deur die Geskrifte, asook deur direkte openbaring soos deur die Geskrifte uiteengesit. *"Jy moet dan weet dat die Here jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte."* (Deuteronómium 7:9)

i) Dit word verstrekdeur ons lewenservaring terwyl ons, deur geloof, God bewys.
ii) Ons kan nie iemand leer ken tensy ons met hulle praat nie.

6. **DEUR GEBED LEER ONS GOD KEN**

a) Bid dat alles wat ons doen volgens God se wil is.

b) Bid en bely ons gehele afhanklikheid van Hom.

c) God se getrouheid is onfeilbaar en ewig.

7. GELOOF VOLG OP DIE HOOR DAARVAN

a) God kommunikeer Sy gedagtes deur die gesproke woord, m.a.w. deur prediking, onderwys, profesie ens., solank dit wat gesê word, met die woord van God, die Bybel opgelyn word.

b) Wanneer ons hoor wat gesê word en weet dat dit ooreenkomstig die Woord van God is, stel die Heilige Gees ons in staat om te reageer deur te glo en ons weet ook dat wat gesê word inderwaarheid die waarheid is. Geloof kom deur die hoor van die Woord.

c) Ons bely die woord van geloof wat aan ons gegee word en staan daarby.

8. GELOOF KOM DEUR DIE LEES VAN DIE WOORD VAN GOD

a) Die kreatiewe krag van God werk in en deur die Woord van God en glo in geloof dat Hy sal gee wat belowe is.
"U trou is van geslag tot geslag; U het die aarde bevestig, en dit bly staan." (Psalms 119:90).

b) Bid en vra dat God jou sal help om Sy Woord te verstaan soos jy dit lees.
"Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie." (Spreuke 3:5)

9. JESUS VERTEL ONS DAT NIKS ONMOONTLIK IS VIR DIEGENE WAT GLO NIE

"…voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! En hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie." (Matthéüs 17: 20)

a) Om gelowig te wees is om te steun op 'n groter bron van kennis, eerder as om dit bloot **sintuiglik** te ervaar (of Kop) kennis, i.e. Openbarende kennis.

b) Sintuiglike kennis is kennis wat deur die mens se 5 sintuie verkry word. Dit is beperkte kennis en word beskryf as die wysheid van die mens. *"en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in*

die betoning van gees en krag, sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God." (1 Kor.2:4-5)

c) Openbare kennis is nie gebasseer op blote natuurlike beredenering nie, maar berus op 'n hoër bron, die waarheid van die Woord van God. Dit word deur die Heilige Gees geopenbaar aan die siel van die mens. Dit word beskryf as die wysheid van God. *"Maar ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlikheid, wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie – want as hulle dit geken het, sou hulle die Here van die heerlikheid nie gekruisig het nie."*

10. DIE SKRIF SE DEFINISIE VAN GELOOF

a) *"Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."* Heb.11:1

i) Geloof kom deur die ervaar van God en Sy getrouheid.

ii) God het ook aan ons die gawes van genesing en wonderwerke, wat ons geloof versterk, gegee. *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan."* (Joh.14:12).

iii) Geloof groei soos ons die getrouheid in die verlede onthou. *"Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie."* (Heb.11:3 NIV)

Samevatting:

Geloof is nie 'n verstandelike houding teenoor problem nie. Dit is die aard van God. Die mens wat wedergebore is deur die Heilige Gees van God, het die potensiaal van die aard van God.

11. DIE OU NATUUR VERSUS DIE NUWE NATUUR (AARD)

a) Die ou natuur van die mens word deur negatiewe kragte gedomineer, soos bv:
   i) Vrees
   ii) Twyfel
   iii) Verwarring
   iv) Foutering

b) Die nuwe natuur, God se natuur, is kreatief en bring orde:
   i) uit chaos
   ii) in die heelal
   iii) in ons lewens.

12. DIE KRAG VAN GELOOF IS OM TE GLO

a) God se krag bring:-
   i) Lewe uit die dood.
   ii) Gesondheid uit siekte.
   iii) Voorspoed uit armwees.

iv) Waarheid uit foutering.
v) Geregtigheid uit sonde.

b) Geloof - is die leef van die nuwe natuur.
"Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: maar die regverdige sal uit die geloof lewe." (Romeine 1:17)
Diegene wat 'wedergebore' is, sal leef deur geloof in God vir **alles**.

c) Geloof in en na God is die lewensstyl vir elke dissipel van Jesus.